

## 'N LEWE VAN SEËN

### Deel 4 – Die Geheim van Blywende Vervulling

#### AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

---

---

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?

---

---

#### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Sommige mense raak geïrriteerd of kwaai as hulle honger is. Hoe is jy as jy honger is en jou bloedsuiker laag is?

---

---

---

In die preek is genoem dat mense baie keer op verkeerde plekke na vervulling en satisfaksie vir hulle lewe soek. Waarin het jy gevind soek mense sin, satisfaksie en vervulling in die lewe? Hoe het jy dit self al probeer?

---

---

---

Dink jy daar is 'n verwantskap tussen ouderdom en wanneer mense besef waarin daar nie vervulling in die lewe is nie? Verduidelik.

---

---

---

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

**Spreuke 3:6; 14:12 en 12:28 (in verskeie vertalings). Hoekom dink jy sukkel mense om die eindbestemming van die paaie wat hulle stap te sien?**

---

---

**Psalm 37:4. Hoekom dink jy vergeet mense waar ware geluk te vind is?**

---

---

**Romeine 6:6; 8:28; 1 Korintiërs 15:58; 2 Korintiërs 4:14; Efesiërs 1:8; 1 Johannes 3:5. In hierdie versies word dinge beskryf wat ons moet weet. Hoekom dink jy sukkel baie gelowiges om sekere waarhede te weet? Wat maak dat mense in hierdie waarhede begin twyfel?**

---

---

---

**Dink jy 'n mens kan weet of hy gered is? Dink jy 'n mens moet weet? Hoe kan 'n mens weet? Hoe help Romeine 10:9-10 en 10:13 om hierdie te beantwoord?**

---

---

---

**Matteus 6:33. Hoe lyk dit as iemand hierdie versie prakties uitleef in sy/haar week?**

---

---

---

**Handelinge 4:12. Hoekom sukkel baie mense om hierdie waarheid te aanvaar? Hoe kan ons onself herinner aan hierdie waarheid**

---

---

---

**In die preek is 4 praktyke genoem om geestelik honger en dors te bly: 1) *Herinner jouself aan God se liefde vir jou;* 2) *Maak dit jou grootste prioriteit om Jesus te ken;* 3) *Spandeer tyd in sy Woord elke dag;* en 4) *Spandeer tyd met ander mense wat na God honger.* Aan watter van hierdie moet jy meer aandag gee? Hoe kan jou groep jou help?**

---

---

---

---

Wie is die mense wat God gebruik het om *spore van geregtigheid (Psalm 23:3)* in jou lewe te trap? Wie is die mense wat jou geloof bou? Hoe kan jy hulle bedank of bemoedig hierdie week? In wie se lewe kan jy dit hierdie week doen – vra die Here om jou te wys vir wie en hoe jy dit moet doen.

## GEBED EN OMGEE

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

## NEEM 'N VOLGENDE STAP

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.